Vakature: Voltydse Leraar
In biddende afhanklikheid van die Here stel die Kerkraad die bogenoemde vakature bekend.

Gemeenteprofiel
Stellenberg is ’n makrogemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad en bedien woongebiede soos Eversdal, dele van Durbanville, Stellenberg en ook verskeie ander areas buite die tradisionele gemeentegrense van Stellenberg. Daar is ongeveer 5 500 lidmate betrokke by die gemeente, wat bedien word deur vyf voltydse leraars en een pastorale hulp. Daar is ook ’n voltydse kinderwerker in diens van die gemeente.

Leraarsprofiel
- ’n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk
- ’n Leraar wat die Here liefhet en dien en wat ook baie lojaal is aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Die breë spektrum van gemeentebediening is belangrik vir hierdie pos. Dit sluit in alle vorme van pastoraat, prediking, gemeentebestuur, dissipelmaking en familiebediening.
- Bewese ervaring in gemeentebediening is ’n vereiste en spesifieke ervaring en vaardigheid in die bediening van kleingroepe, sowel as familiebediening is ’n sterk aanbeveling.

Aansoekproses
- Belangstellendes word versoek om ’n volledige CV met die name en kontakbesonderhede van drie persone wat as verwysings gekontak kan word, te voorsien.
- Indien versoek word, moet die aansoeker bereid wees om ’n onderhoud by Stellenberg te kom voer met lede van die Pre-advieskommissie.
- Belangstellende leraars wat op die groslys kom, mag versoek word om ’n opname in digitale vorm aan te stuur van ’n preek wat gelewer is gedurende die afgelope drie maande.

Vergoeding en verblyf
’n Vergoedingspakket, volgens sinodale riglyne, sal onderhandel word.
’n Pastorie is beskikbaar vir die leraar en sy/haar gesin.

Sluitingsdatum vir aansoeke
Vrydag 6 Oktober 2017

Kontakbesonderhede waarheen aansoeke gestuur kan word
Die voorsitter van die Diensverhoudingekommissie: stellenberg@stellenberg.co.za.